Congregation of YHWH, Jerusalem, Po Box 832 Carteret NJ 07008

Les 15 Korrespondensie Kursus:
Wie is Babel?

Eindtyd Babel word, behalwe vir Jerusalem, meer as enige ander plek in die hele Bybel genoem. As gevolg van die uiterste belang van Yahweh se eindtyd oorblyfsel het ons Hemelse Vader meer as 100 identifikasie tekens van Babel in die Skrif gesit sodat ons wie eindtyd Babel werklik is kan uitken en sodat daar geen twyfel kan wees oor wie sy is nie.

Sommiges, deur die leer van vals godsdiens, wil eenvoudig glo dat Babel bloot net ’n kerk of ’n sisteem van gierigheid is. Maar hoe karakteriseer die Skrif vir eindtyd Babel?

Jer 50:1 *Die woord wat YAHWEH deur die profeet Jeremia gepraat het oor Babel, oor die**land van die** Galdeërs.*
Jer 50:3 *Want ’n volk trek teen hom op uit die Noorde; **dit sal sy land** ’n **wildernis maak**, sodat daar geen inwoner in is nie; mense sowel as diere het gevlug, weggetrek.*
Jer 50:28 *Hoor! Vlugtelinge en mense wat vrygekom het **uit die land van Babel**, om in Tsion te verkondig die wraak van YAHWEH onse Elohiem, die wraak van sy tempel.*

Jer 51:2 - 4 *En Ek sal vir Babel wanners stuur wat hom sal uitwan en **sy land leegskud**; want hulle lê rondom teen hom op die dag van rampspoed. ³ Laat die skutter sy boog span teen hom wat span, en teen die een wat hom in sy pantser verhef; en spaar sy jongmanne nie, tref sy hele leër met die banvloek! ⁴ So sal daar dan gesneuweldes val in **die land van die Galdeërs** en die wat deurboor is, op sy strate.*

Op 18:2 *En hy het met ’n groot stem uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babel, en dit het geword ’n **woonplek** van demone en ’n **versamelplek** van allerlei onreine geeste en ’n versamelplek van allerlei onreine en haatlike voëls,*

Duidelik sien ons vanuit die Skrif dat Babel ’n land is en nie bloot net ’n kerk of sisteem nie. Dit het ook ’n leier en ’n weermag. Soos ons ook sal sien het dit ook ’n ekonomiese handelsisteem wat die stuurkrag van die wêreldekonomie gedurende die eindtyd is.

Wat veral hiermee saam van belang is, is om te verstaan dat Jeremia 50 en 51 nog nooit in die geskiedenis van die mensdom plaasgevind het nie. Beide die hoofstukke is eindtyd profesieë.

Toe Kores, die koning van Persië, Babel in 539 B.C.E oorgeneem het, het hy die watersisteem van die stad weggekeer en toe die stad binnegekom deur onderdeur die muur by die waterinlaat in te gaan. Hy het toe die twee reusagtige groot hekke oopgemaak en die hele Babel amper oornag oorgeneem sonder enige bloedvergieting of massa moord. Ons sien dus nie die totale vernietiging wat in Jeremia 50 en 51 vir eindtyd Babel geprofeteer word nie.

Is daar enige bewyse wat wys dat Jeremia 50 en 51 hoofstukke oor eindtyd Babel is en nie antieke Babel nie?

Jer 50:4-5 ***In daardie dae en in daardie tyd****, sê YAHWEH, sal die kinders van Israel kom, hulle met die kinders van Juda saam; onder geween sal hulle voorttrek en YAHWEH hulle Elohiem soek. ⁵ Hulle sal na Tsion vra; op die pad hierheen sal hulle aangesig gerig wees; **hulle sal kom en by YAHWEH aansluit in** ’n **ewige verbond wat nie vergeet sal word nie.***

Jer 50:19 - 20 ***En Ek sal Israel na sy weiveld terugbring****, en hy sal wei op Karmel en in Bashan; en sy siel sal op die berge van Efraim en in Gilead versadig word.* ***20*** ***In daardie dae en in daardie tyd,*** *sê YAHWEH,* ***sal die ongeregtigheid van Israel gesoek word, maar dit sal daar nie wees nie; en die sondes van Juda, maar hulle sal nie gevind word nie;*** *want Ek sal vergifnis skenk aan diegene wat Ek laat oorbly.*

Die frase “in daardie dae en in daardie tyd” is ’n Joodse idioom wat slegs na die eindtyd of later dae in die Skrif verwys. Wat verder ook van belang is, is dat die skrifgedeelte oor die restourasie van beide Israel en Juda, terug in heerskappy in hul tuisland, Israel, praat. Dit het nooit tydens die inval van Kores in 539 B.C.E gebeur nie. Juda se heerskappy in Israel is nie tot 1948 herstel nie en die noordelike stamme is vandag steeds in diaspora.

Boonop was die noordelike stamme van Israel teen 721-718 B.C.E. reeds in gevangenskap in Assirië en ander plekke en was hulle nie eers teenwoordig tydens koning Kores se inval in Babel nie, dus kon Jeremia 50 en 51 nie van antieke Babel gepraat het nie, maar slegs eindtyd Babel, soos reeds genoem.

’n Verdere duidelike merker van wie eindtyd Babel is, is dus die feit dat beide die meerderheid van Juda en Israel in eindtyd Babel leef en van haar af na Israel terugkeer.

Praat Jeremia 50 en 51 oor ’n inval van Babel wat totale vernietiging en uitdelging bring?

Jer 50:13 *Weens die toorn van YAHWEH* ***sal dit nie bewoon word nie, maar geheel en al ’n wildernis wees****; elkeen wat by Babel verbygaan, sal verbaas wees en spot oor al sy plae.*
Jer 50:26 *Kom aan teen hom van alle kante, maak oop sy voorraadskure, stapel hom op soos koringmiede, en* ***tref hom met die banvloek! Hy moet geen oorblyfsel hê nie.***
Jer 51:58 *So sê YAHWEH van die leërskare:* ***Die breë muur van Babel sal tot op die grond toe afgebreek en sy hoë poorte sal met vuur verbrand word****, sodat volke vir niks gearbei het en nasies vir die vuur; en hulle sal afgemat wees.*
Jer 51:6 ***Vlug uit Babel uit, en red elkeen sy lewe;*** *kom nie om in sy ongeregtigheid nie; want dit is die tyd van wraak vir YAHWEH: Hy gee hom sy verdiende loon.*
Jer 51:43 ***Sy stede het ’n wildernis geword, ’n dor land en ’n wildernis; ’n land waar niemand in woon nie,*** *en waar geen seun van Adam deurtrek nie*
Jer 51:62 *en sê: o YAHWEH, U het oor hierdie plek gepraat* ***om dit uit te roei, sodat daar geen inwoner, mens sowel as dier, sal wees nie, maar dat dit ewige wildernisse sal wees.***

Die vernietiging waarvan daar in Jeremia 50 en 51 gepraat word is duidelik ’n volslae vernietiging. Dit stel dit ook duidelik dat niemand ooit weer in eindtyd Babel sal leef na die vernietiging wat in Jeremia 50 en 51 genoem word nie.

Boonop, soos reeds gesê is, het Kores, die koning van Persië, met groot gemak Babel in 539B.C.E. ingeval. Daar was geen massamoord nie, geen vlugtende Jode nie en geen totale vernietiging soos in Jeremia 50 en 51 genoem word nie. Om die waarheid te sê, daar was meer Jode wat in antieke Babel gewoon het in die dae van Yahshua in die eerste eeu, as wat daar selfs in Israel gewoon het. Jeremia 50 en 51 is duidelik ’n toekomstige profesie en nie histories verbonde aan die inval van koning Kores nie.

Dit is ook belangrik om te noem dat wanneer hierdie eindtyd Babel vernietig word, dit nooit weer herbou sal word nie. Maar in die modern tyd het Saddam Husein in die 1980s antieke Babel, in Irak, herbou. Dit maak dit duidelik dat antieke Irak nie as die plek van eindtyd Babel kwalifiseer nie. Verder is die idee van sommiges dat hierdie profesieë sê dat eindtyd Babel in Irak is onmoontlik. Eindtyd Babel sal totaal en al vernietig word met niemand wat

in ewigheid ooit weer in haar sal woon nie, maar hedendaagse Irak sal eintlik deel wees van die beloofde land tydens die Millennium regering van Messias soos in Genesis 15:18 en ander skrifgedeeltes uiteengesit.

Ons het die hoofstukke van Jeremia 50 en 51, asook Openbaring 17 en 18, wat geheel en al om eindtyd Babel draai, sowel as ander skrifgedeeltes.

Wat is van die oorheersende karaktereienskappe van eindtyd Babel?

Op17:5 *en op haar voorhoof was 'n naam geskryf:* ***Verborgenheid, die groot Babel****, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.*

Eerste sien ons vanuit die bostaande skrifgedeelte dat Babel "**Verborgenheid**" genoem word. Dit is 'n konnotasie wat wys dat Babel nie bloot net Irak kan wees nie want waar sal die verborgenheid daarin dan wees? Hiermee saam word sy ook "**die Groot**" Babel genoem. Die word hier is "**Megala**", wat "**Supermoondheid**" beteken. Dus sien ons duidelik dat eindtyd Babel die wêreld se supermoondheid moet wees en nie net somer enige nasie nie.

Wat is van die ander oorheersende karaktereienskappe van eindtyd Babel?

Hab 1:6- 11 *Want kyk, Ek gaan die Galdeërs opwek, daardie kwaai en onstuimige nasie wat trek deur die wydtes van die aarde, om wonings in besit te neem wat aan hom nie behoort nie.* ***7*** *Verskriklik en gedug is hy, van homself gaan sy reg en hoogheid uit.* ***8*** ***En vinniger as luiperds is sy perde en gouer as aandwolwe****; en op 'n galop kom sy ruiters, ja, sy ruiters! Van ver kom hulle aangevlieg net soos 'n arend wat op sy prooi neerskiet!* ***9*** *Hulle kom almal om geweld te pleeg; die rigting van hulle gesigte is vorentoe, sodat* ***hy gevangenes versamel soos sand****.* ***10*** *Ook dryf hy die spot met konings, en heersers is vir hom 'n bespotting; hy lag om elke vesting; hy hoop grond daarteen op en neem dit in.* ***11*** *Dan gly hy verby, 'n wind, en trek verder – maar word skuldig, hy wie se krag sy Eloha is.*

Die eerste ding wat ons hier sien is hoe Babel 'n groot nasie geword het. In vers ses verduidelik dit dat hulle deur die wydtes van die aarde trek en wonings inneem wat nie hulle eie is nie. Dit is presies hoe Amerika 'n nasie geword het deur oor die Verenigde State te trek en die land van die Amerikaanse Indiane weg te vat.

Dit gaan dan voort om vir ons te vertel wat 'n magtige vegmasjien eindtyd Babel waarlik is. Hulle perde (masjinerie) is vinniger (beter) en heftiger as die van hulle opponente. Hulle sal soos 'n arend vlieg, wat dui op hulle magtige lugmag. Hulle vang hulle opponente soos sand. Dit is presies wat gebeur het toe Amerika vir Irak en Saddam Hussein in die Golf Oorlog oorgeneem het. Jy kon die duisende gevangenis in die woestyn sien toe hulle hul wapens neergesit het, en soos sand op die strand, deur eindtyd Babel die Verenigde State van Amerika, weggeneem word.

Dan spot Babel met konings (leiers), en heersers (wêreld leiers) word deur Babel verag. Watter ander land vandag in die wêreld, behalwe vir Amerika, doen, militêr gewys, net wat hulle dink reg is? Watter ander land maak 'n bespotting van die Verenigde Nasies en wys sy mag aan enige teenstaander wat dit net sou waag om te probeer om teen hulle op te staan?

Daar was al ander diktator tipe leiers, soos Saddam Hussein, wat probeer groot praat het maar op die ou end was dit net Amerika, Babel, wat die militêre mag in hierdie laaste dae het om die militêre dade uit te voer wat slegs deur eindtyd Babel uitgevoer kon word.

Kom ons kyk na ’n paar ander karaktereienskappe van eindtyd Babel.

Op 17:1 *En een van die sewe boodskappers met die sewe skale het gekom en met my gepraat en gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer* ***wat op die baie waters sit****,*
Op 17:15 *En hy sê vir my:* ***Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale.***
Jer 50:37 *Die swaard oor sy perde en sy strydwaens en oor* ***die hele gemengde bevolking wat daar binne-in is****, dat hulle vroue kan word! Die swaard oor sy skatte, dat hulle geplunder kan word!*

Ons sien in beide Jeremia en Openbaring dat Babel ’n groot smeltpot van kulture is en dat baie verskillende rassegroepe in haar land woon. Daar is geen groter smeltpot in die geskiedenis van die wêreld as die van die Verenigde State van Amerika nie.

Toe Saddam Husein antieke Babel in die 1980’s laat opgrawe het, het hulle baie ou spykerskrif geskrifte van antieke Babel gevind. Hierdie geskrifte is baie interessant want voorheen het hulle gedink dat Ishtar, die valse godin van Babel, bloot net ’n tempel prostituut was, maar die geskrifte het egter gewys dat sy eintlik die moeder van immigrante genoem is. Sy het ook ’n kroon met sewe punte en of ’n goue beker of fakkel in haar hand gehad. In haar ander hand het sy die wette van Hammurabi vasgehou. Dit is ’n treffende ooreenkoms met die *Statue of Liberty* wat vandag in die New York hawe staan, die grootste afgodsbeeld in die wêreld. Wat nog meer interessant is, is dat die standbeeld na die Romeinse godin *Libertas* genoem is, wat weer van die Griekse godin Diana afkom en in werklikheid die Babiloniese godin Ishtar is. Die water verteenwoordig ook bestaande varswater hawens waaroor Babel beskik, iets wat oorvloedig in die Verenigde State voorkom, maar afwesig is in antieke Babel in Irak.

Nog ’n kenmerk van eindtyd Babel is die feit dat eindtyd Babel die wêreldpolisieman sal wees.

Jer 50:23 *Hoe is die* ***hamer(supermoonthede) van die hele aarde*** *afgekap en verbreek! Hoe het Babel geword* ’n *voorwerp van verbasing onder die nasies!*

Hierdie frase in die oorspronklike Hebreeus is eintlik ’n Hebreeuse idioom wat letterlik wêreldpolisieman beteken, waar die konsep van die hamer van die aarde dui op een wat sy teenstaanders aanhou slaan. As mens eerlik met jouself is, besef mens dat daar geen ander moderne supermoondheid is wat sy militêre en ekonomiese mag gebruik het om hulle teenstaanders aan te hou slaan nie. Of dit nou monetêre sanksies by die Verenigde Nasies is, of letterlike militêre invalle soos ons gesien het in Kosovo, Bosnië, Irak, Afghanistan, Grenada, Sudan, Libië ensovoorts. Amerika het alle nasies wat hulle in die moderne tye teen gestaan het verslaan.

Daar is ook geprofeteer dat eindtyd Babel nie onder ’n diktatorskap sou wees nie maar ’n demokrasie. Een waarby alle nasies om die aarde in eindtyd Babel byeen sou kom om die wêreld se probleme te bespreek.

Jes 47:13a *Jy het jou vermoei met die oorvloed van jou planne;*
Jer 51:44 *En Ek sal straf uitoefen op Bel in Babel en uit sy mond uithaal wat hy verslind het;* ***en geen nasies sal meer na hom toestroom nie****. Ook val die muur van Babel.*
Op 17:18 *En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde.*

Die Verenigde Nasies in die stad New York in die Verenigde State is die enigste plek waar alle nasies bymekaarkom, in Babel, en probeer om die wêreld se probleme op te los. Wanneer Babel vernietig is sal hulle in ’n ander plek moet byeenkom. Openbaring 17:9 praat van Babel wat op sewe berge sit. In die Skrif dui berge op groot landmassas en wys die skrifgedeelte dat Babel al sewe landmassas, wat ons kontinente noem, beheer. Sommiges het die skrifgedeelte verkeerd verstaan dat dit Rome is, aangesien Rome op sewe heuwels sit. In beide Hebreeus en Grieks is heuwel egter ’n ander woord as berg en die definisie is duidelik een van berge en nie van heuwels nie.

Daar is selfs ook geprofeteer dat eindtyd Babel ’n ruimte program sal hê.
Jer 51:9b *want sy strafoplegging raak tot aan die hemel en* ***verhef hom tot by die wolke****.*
Jer 51:53 ***Al sou Babel in die hemel opklim,*** *en al sou hy die hoogte van sy vesting versterk – van My af sal verwoesters oor hom kom, sê Yahweh.*

Die Hebreeuse word vir “Verhef” in die bostaande vers is “Nasa”, die einste naam van die Amerikaanse ruimteprogram.

Mislei eindtyd Babel die mense deur voorskrif medisyne en middels?

Op 18:23b *want jou handelaars was die grotes van die aarde; want* ***deur jou towery (pharmakia) is al die nasies verlei****.*

Mense in die eindtyd sal deur Babel se towery verlei word. Die word in die oorspronklike is “*pharmakia* ” van waar die woord farmakologie af kom. Die moderne mediese veld fokus vandag nie soveel op die oorsaak van die siekte nie, maar eerder op die behandeling van die effek van siektes op mense.

Hoeveel mense moet vir die res van hul lewens daagliks pille gebruik wat siektes behandel maar dit nooit genees nie? Massiewe medisyne maatskappye soos Merck, Johnson en Johnson, en Pfizer het miljoene mense wat daagliks, vir allerhande kwale van kolesterol na hart kwale tot diabetes en nog baie meer, pille gebruik. Miljoene kinders word selfs op antidepressante soos Ritalin en Paxcil gesit.

Ons hemelse Vader het vir die mensdom die blare van bome en plante gegee vir elke tipe kruiemedisyne om elke siekte te kan genees (Op 22:2), maar Babel het die mense deur Farmaseutiese medisynes verlei wat deur die Skrif met towery verbind word.

Daar is egter een eienskap oor eindtyd Babel wat alles anders omtrent haar oortref. Eindtyd Babel is die kern van die eindtyd wêreld ekonomiese enjin. Sy het deur haar demokratiese handelstatus ’n wêreldhandelsisteem opgestel soos wat die wêreld vantevore nog nooit geken het nie. Sy het ook al die wêreld leiers en handelaars ryk gemaak deur die magtige ekonomiese masjien wat sy regdeur die wêreld ingestel het.
Op 18:3 *omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en* ***die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid****.*
Op 18:9-19 *En die konings van die aarde wat met haar gehoereer en weelderig geleef het, sal oor haar ween en oor haar weeklaag wanneer hulle die rook van haar verbranding sien,* ***10*** *terwyl hulle ver weg staan uit vrees vir haar pyniging, en sê: Wee, wee jou, o groot stad Babel, o sterk stad, want in een uur het jou oordeel gekom!* ***11*** ***En die handelaars van die aarde sal ween en rou bedryf oor haar, omdat niemand hulle koopware meer koop nie,*** ***12*** ***koopware van goud en silwer en edelgesteente en pêrels en fyn linne en purper en sy en skarlaken; en allerlei geurige hout en allerlei voorwerpe van ivoor en allerlei voorwerpe van die kosbaarste hout en van koper en yster en***

marmer [13] ***en kaneel en speserye en reukwerk en salf en wierook en wyn en olyfolie en fynmeel en koring en grootvee en skape; en van perde en waens en slawe en mensesiele.*** [14] ***En die vrugte wat jou siel begeer, het van jou gewyk, en al die blinkende en die skitterende dinge is vir jou verlore, en hulle sal dit nooit weer kry nie.*** [15] ***Die handelaars in hierdie dinge, wat van haar ryk geword het, sal ver weg staan uit vrees vir haar pyniging, terwyl hulle ween en rou bedryf en sê****:* [16] *Wee, wee die groot stad wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versier met goud en edelgesteente en pêrels, omdat* ***in een uur soveel rykdom verwoes is!*** [17] *En elke stuurman en die hele menigte op die skepe, en die matrose en almal wat die see bevaar, het ver weg gaan staan* [18] *en het uitgeroep toe hulle die rook van haar verbranding sien, en gesê: Watter stad is soos die groot stad?* [19] *En hulle het stof op hul hoofde gegooi en onder geween en weeklag uitgeroep en gesê:* ***Wee, wee die groot stad waarin almal wat skepe op die see het, deur haar kostelike skatte ryk geword het;*** *want dit is in een uur verwoes!*

Hierdie skrifgedeeltes definieer duidelik, meer as enige ander, wie eindtyd Babel kan wees. Dit noem 25 spesifieke dinge waarmee Babel meer as enige ander nasie mee handel dryf. Dit is ook slegs die Verenigde State wat ’n kommoditeitsvalutamark het waarop jy met al 25 items handel kan dryf.

Boonop, sonder enige twyfel, is dit die land van die Verenigde State van Amerika en die Amerikaanse mense, wat die hele wêreld se goedere invoer, waaroor die aarde se handelaars sal “ween en rou” as hulle nie meer bestaan nie. As mens eerlik met jouself is, is daar geen ander nasie op die aarde wat die goedere van al die ander nasies op so ’n skaal invoer en verbruik soos die Verenigde State nie. Sjina is besig om op die wêreld uitvoermark te groei, maar hulle is verkopers, nie kopers en verbruikers soos die Amerikaners nie. Daar is duidelik net een nasie op die aarde waarop die bostaande skrifgedeelte van toepassing is en dit is die Verenigde State. Tot en met 1981 was daar slegs ’n handvol aandelemarkte wêreldwyd, maar nou het amper elke land op aarde die handelsisteem van Amerika/Babel aangeneem om deel van hulle eie sisteem te word.

Kyk ook na vers 14 waar dit sê dat “*die vrugte wat jou siel begeer, het van jou gewyk, en al die blinkende en die skitterende dinge is vir jou verlore”.* In meeste plekke in die wêreld kan jy nie jou gunsteling vrugte en kos heel jaar eet nie, jy kan dit slegs eet wanneer dit in seisoen is en by jou plaaslike mark beskikbaar is. Dit is slegs in die Verenigde State waar kos heel jaar van ander plekke af ingevoer word sodat die mense hulle lekkernye kan eet net wanneer hulle wil.

Behalwe dat eindtyd Babel die wêreld se grootste verbruiker van goedere en die enjin van die wêreldekonomie is, is eindtyd Babel ook wêreldwyd bekend vir hulle luukse lewenstyl en plesier najaagende houding.

Trots en plesier najaging is ’n sleutel komponent in die identifikasie van wie eindtyd Babel is.

Jes 47:6-10 *Ek was toornig op my volk, Ek het my erfdeel ontwy en hulle in jou hand oorgegee: jy het hulle geen barmhartigheid bewys nie, op die grysaard het jy jou juk baie swaar laat druk* [7] ***en gesê: Ek sal in ewigheid wees, gebiedster vir altyd****; jy het hierdie dinge nie ter harte geneem nie, aan die einde daarvan nie gedink nie.* [8] *Hoor dan nou dit,* ***wellustige wat so veilig sit, wat in jou hart sê: Dit is ek en niemand anders nie! Ek sal nie as weduwee sit of kinderloosheid ken nie****.* [9] *Hierdie twee dinge sal dan in ’n oomblik, op een dag, oor jou kom: kinderloosheid en weduweeskap; in volle maat sal hulle jou oorval, ondanks die veelheid van jou towerye, ondanks die oorvloed van jou besweringe.* [10] *En jy het op jou boosheid vertrou, jy het gesê: Niemand sien my nie!*

Jou wysheid en jou kennis het jou verlei, sodat jy in jou hart gesê het: Ek is dit, en niemand anders nie!

<u>Op 18:6 -9</u> *Vergeld haar soos sy ook mense vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het.* ***7*** ***Namate sy haarself verhef het en weelderig geleef het, na daardie mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie*** ***8*** *daarom sal haar plae op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is Yahweh Elohiem wat haar geoordeel het.* ***9*** *En die konings van die aarde wat met haar* ***gehoereer en weelderig geleef het****, sal oor haar ween en oor haar weeklaag wanneer hulle die rook van haar verbranding sien,*

<u>Op 18:16</u> *Wee, wee die groot stad* ***wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versier met goud en edelgesteente en pêrels, omdat in een uur soveel rykdom verwoes is!***

Kan enige iemand ontken dat die skrifgedeeltes duidelike beskrywings van die Verenigde State van Amerika is? Daar is nie ’n enkele ander nasie op die aarde wat ’n lewenstandaard het soos die van die Verenigde State nie. Meeste mense in die weste het geen idee van wat wêrelddemokrasie, wat Amerika/Babel na die wêreld gebring het, aan die meerderheid van mense wat op die aarde woon gedoen het nie.

Terwyl die NAFTA en GATT ooreenkomste van die 1990s onder Bill Clinton, wydverspreide welvaart vir meeste in die V.S.A asook ’n ongewende styging in die New York se aandelemark gebring het, was dit nie dieselfde in meeste van die res van die wêreld nie. Terwyl iemand in New York ’n Gucci hemp vir $100 of meer kon koop, het die etiket nog steeds gesê dit is in Honduras of die Filippyne gemaak. Die arme mens wat die hemp gemaak het werk vir omtrent 20sent ’n uur terwyl die V.S.A korporasies biljoene dollars maak.

Dit is wat Babel deur wêreld demokrasie na die wêreld gebring het. Arm vrouens in Afrika werk heeldag, met hulle babas op hulle rûe terwyl hulle tee pluk maar verdien omtrent net 10 sent per maandjie. As hulle regtig hard werk kan hulle dalk twee of drie mandjies vol maak deur die hitte van die dag. In nog erger gevalle is daar omstandighede waar ouers in plekke soos Indië en die Ivoorkus hulle kinders vir $50 as slawearbeid verkoop omdat hulle so arm is dat hulle nie kos het om te eet nie.

Ons kan dus sien hoekom ons Hemelse Vader so ontsteld is oor Babel, omdat sy haarself in weelde bedek deur haar sogenaamde vryhandel. Sewentig present van die wêreld of meer het nie eens skoon water om te drink nie, kos om te eet of ’n vaste inkomste om van te leef nie. Sewentig present van die wêreld vandag leef op $5 ’n week of minder, en die nommer een werk in die wêreld vandag is om in die rysvelde te werk terwyl hulle baie min geld verdien waarmee hulle hul families mee kan ondersteun.

Baie mense wat in plekke soos die Filippyne en Sri Lanka lewe, moet hulle families vir jare agterlaat om oorsee te werk waar hulle miskien $40 of $50 ’n week verdien en die geld dan huis toe stuur met die hoop om vir hulle kinders ’n beter lewe te gee as die een wat hulle gehad het. Die koste daarvan is egter dat hulle nie sien hoe hulle klein kindertjies groot word nie en partykeer weet die kinders nie eens wie hulle ouers is nie. Babel se ekonomiese bekwaamheid het die handelaars en bankiers van die wêreld ryk gemaak, maar ten koste van biljoene arm mense wêreldwyd.

Dit is die sleutel om te verstaan waarom Yahweh so kwaad is vir eindtyd Babel, want Babel het nie net haarself met haar oorvloedige lewenstyl en gees van gierigheid vernietig nie, maar het dit gedoen ten koste van die verslawing van mense siele (Op 18:13).

Vertel die Bybel vir ons wat die nasie van Babel se straf sal wees vir die erge misdade wat sy voor Yahweh gepleeg het?

Jer 50:2 -3 *Verkondig onder die nasies en laat hoor, en steek 'n banier op, laat hoor; verberg dit nie; sê: Babel is ingeneem, Bel staan beskaamd, Marduk is verskrik; sy afgode staan beskaamd, sy drekgode is verskrik.* ***3*** *Want 'n volk trek teen hom op uit die Noorde;* ***dit sal sy land*** *'n* ***wildernis maak, sodat daar geen inwoner in is nie;*** *mense sowel as diere het gevlug, weggetrek.*
Jer 50:13 *Weens die toorn van YAHWEH* ***sal dit nie bewoon word nie, maar geheel en al*** *'n* ***wildernis wees;*** *elkeen wat by Babel verbygaan, sal verbaas wees en spot oor al sy plae.*
Jer 50:26 *Kom aan teen hom van alle kante, maak oop sy voorraadskure, stapel hom op soos koringmiede, en* ***tref hom met die banvloek! Hy moet geen oorblyfsel hê nie****.*

Jer 51:58 *So sê YAHWEH van die leërskare:* ***Die breë muur van Babel sal tot op die grond toe afgebreek en sy hoë poorte sal met vuur verbrand word,*** *sodat volke vir niks gearbei het en nasies vir die vuur; en hulle sal afgemat wees.*
Jer 51:6 ***Vlug uit Babel uit, en red elkeen sy lewe;*** *kom nie om in sy ongeregtigheid nie; want dit is die tyd van wraak vir YAHWEH: Hy gee hom sy verdiende loon.*
Jer 51:43 ***Sy stede het*** *'n* ***wildernis geword,*** *'n* ***dor land en*** *'n* ***wildernis;*** *'n* ***land waar niemand in woon nie,*** *en waar geen seun van Adam deurtrek nie.*
Jer 51:62 *en sê: o YAHWEH, U het oor hierdie plek gepraat om* ***dit uit te roei, sodat daar geen inwoner, mens sowel as dier, sal wees nie, maar dat dit ewige wildernisse sal wees.***

Jes 13:19-20 *So sal dan Babel, die sieraad van die koninkryke, die trotse pronkstuk van die Galdeërs, wees soos toe Elohiem Sodom en Gomorra omgekeer het.* ***20*** ***Mense sal daar in ewigheid nie woon nie, en dit sal van geslag tot geslag nie bewoon word nie;*** *en die Arabier sal daar*
geen tent opslaan nie, en geen herders sal hulle vee daar laat lê en rus nie.

Jer 51:29 *Dan bewe die aarde en krimp inmekaar; want die gedagtes van YAHWEH kom tot stand teen Babel****, om die land van Babel*** *'n* ***wildernis te maak, sonder inwoner.***
Jer 51:37 *En Babel sal kliphope word, 'n lêplek van jakkalse, 'n voorwerp van verbasing en bespotting,* ***sonder inwoner****.*
Jer 51:43 Sy stede het 'n wildernis geword, 'n dor land en 'n wildernis; 'n land waar niemand in woon nie, en waar geen seun van Adam deurtrek nie.

Ons sien duidelik vanuit die Skrif dat eindtyd Babel 'n land is en nie net 'n godsdiens nie en ook dat dit totaal vernietig sal word. Die Skrif vertel vir ons dat nie eens een enkele mens dit sal oorleef nie. Dit is interessant om te sien dat die skrifgedeelte in Jesaja van die totale vernietiging van eindtyd Babel praat aangesien vers 6 en 9 duidelik toon dat die vernietiging tydens die Dag van Yahweh sal kom, dit is die dag van Sy toorn wat gedurende die sewe laaste bakke van Openbaring plaasvind.

Daar is verskillende geheime skrifte wat vir Babel in Jeremia 50 en 51 gebruik word. Geheimskrif is verborge betekenisse in woorde met die doel om die identiteit van die entiteit te verberg. Een so 'n naam is "merathaim", wat dubbele straf beteken. Verder lees ons in Openbaring dat daar dubbel aan haar teruggegee moet word soos wat sy uitgedeel het. Dit dui weer op 'n dubbele straf vir eindtyd Babel. Die eerste straf sal die verwydering

van haar heerskappy oor die konings van die aarde wees, en die tweede straf is die totale vernietiging tydens die terugkoms van Yahshua, waarna nie eens een persoon ooit weer in haar sal woon nie.

Daar moet ook op die stadium daarop gelet word dat dit nie die beeldskone berge of landskap van die Verenigde State is vir wie Yahweh toornig is nie. Alhoewel Babel ’n nasie is, soos die Skrif duidelik wys, is dit eerder die sisteem van wêrelddemokrasie wat eindtyd Babel na die wêreld gebring het om al die nasies mee te besmet waaroor Yahweh toornig is.

Babel kom vanuit ’n suksessie van wêreldsisteme wat by Nimrod en die Toring van Babel al begin het. Daarna het Egipte as ’n tipe Babelse wêreldryk oorgeneem, gevolg deur Assirië, toe Babel, daarna die Perse, toe die Grieke, toe die Romeine as die sesde sisteem en nou Amerika/Babel, wat die Nuwe Wêreldorde lei as die sewende sisteem van globale regering. Wanneer Amerika/Babel deur die dier van Openbaring 13 en 17, wat deur haar geskep is en waarop sy nou ry, vernietig word sal die dier die agtste sisteem van wêreldregering word, maar vanuit die 7de sisteem (Op17:7-9) aangesien die dier reeds deel is van die globale sisteem van regering wat Amerika/Babel onder die Verenigde Nasies in 1948 opgestel het.

Die dier (Verenigde Nasies) wat Babel/Amerika opgestel het, het 7 koppe (5 permanente lede, ’n roterende president en sekretaris generaal) en tien horings (tien roterende lede op die veiligheidsraad, wat maandeliks saam met die vyf permanente lede vergader), wat eintlik vir Babel, wat op hulle ry (beheer), haat en haar sal/gaan vernietig.

Sê die Skrif vir ons wie eindtyd Babel gaan vernietig?

Dan 5:28 *PERES/VERDEEL – u koninkryk is verdeel en aan die Mediers en Perse gegee.*
Jer 51:11 *Maak skerp die pyle, vat die skilde! Yahweh het die gees van* ***die konings van Medië*** *opgewek; want sy voorneme is teen Babel om hom te verwoes; want dit is die wraak van YAHWEH, die wraak van sy tempel.*

Die Skrif gee vir ons ’n baie grafiese weergawe van die eindtyd in die boek van Daniel. Daniel is as ’n skadubeeld geskryf om te wys wat in die eindtyd gaan gebeur (Dan 2: 28,44, Dan 7:17-18, Dan 8:17,19, Dan10:14). In Daniel se tyd is daar geprofeteer dat daar vier dele van die dier se sisteem in die eindtyd sal wees. Hulle bestaan uit Babel, Medië-Perse, Griekeland en Rome (wêreldregering).

Die parallel wat ons vandag het, vanuit die boek van Daniel, is dat die kop van goud Babel/Amerika is, soos deur die studie bewys. Die nasies wat vir Babel gaan vernietig, soos geprofeteer, is die Mediërs en die Perse. As jy op enige Bybelkaart kyk wie hierdie nasies is sal jy sien dat dit hoofsaaklik die Iraniërs en die Russe is, met Ukraine en ander Sovietblok lande wat hulle bystaan. Dit is baie interessant, veral as jy die geopolitiese omstandighede van vandag in ag neem. Iran noem Amerika die groot Satan en vir Israel die klein Satan en daag Washington D.C. uit soos wat geen ander leier in die afgelope tyd, behalwe dalk Saddam Hussein, gedoen het nie. Dit is ook interessant om te sien dat sedert Amerika se inval van Irak in 2003 het eindtyd Babel/Amerika vir antieke Babel in Irak geokkupeer. Die parallelle is treffend.

Die Iranneese president praat gereeld oor die terugkeer van die Madhi of die Moslem Messias. Hy het ook gesê dat hy slegs kan terugkeer as die hele wêreld in totale chaos verkeer. Hy is ’n “12wer”, wat ’n baie uitverkore groep in Islam is en wie se totale bestaan ten doel is om die terugkeer van die Madhi te bewerkstellig. Hulle is ook besig om ’n kernmag te word met wye vermoëns. Hulle probeer om EMP wapens te ontwikkel wat alle elektronika in die V.S.A kan vernietig en die lewe daar permanent verander.

Rusland aan die ander kant (die antieke Mediërs) het ’n militêre verdrag met Iran geteken waarin hulle belowe om hulle in militêre konflik by te staan. Hulle het ook ’n baie groter posisie op die wêreld arena oor die laaste paar jare ingeneem en het baie wrywing met die V.S.A gehad.

Het Yahweh se vernietiging van eindtyd Babel ook iets met die nasie van Israel te doen?

Jer 51:49 *Ook* ***Babel moet val, o gesneuweldes van Israel,*** *soos ook vir Babel geval het die gesneuweldes van die hele aarde.*

Jer 51:35-37 *Laat die inwoners van Tsion sê:* ***Die geweld en die verminking wat my aangedoen is, is op Babel! En laat Jerusalem sê: My bloed is op die inwoners van Kasdië!*** ***36*** *Daarom, so sê YAHWEH: Kyk, Ek verdedig jou saak en sal vir jou wraak neem; en Ek sal sy see droogmaak en sy fontein laat opdroë.* ***37*** *En Babel sal kliphope word, ’n lêplek van jakkalse, ’n voorwerp van verbasing en bespotting, sonder inwoner.*

As Amerika ’n vriend en nog altyd ’n sterk ondersteuner van Israel is, waarom sou die Skrif aandui dat Amerika/Babel vir Israel verraai het?

Joe 3:1-2 *Want kyk,* ***in daardie dae en in daardie tyd*** *wanneer Ek die nood van Juda en Jerusalem verander,* ***2*** *sal Ek al die nasies versamel en hulle na die dal van Josafat laat aftrek, om daar met hulle ’n strafoplegging te voltrek* ***ter wille van my volk en my erfdeel Israel wat hulle onder die nasies verstrooi het, en my land wat hulle verdeel het****.*

Sag 1:18 -21 *En ek het my oë opgerig en gekyk – daar was vier horings.* ***19*** *Toe sê ek aan die boodskapper wat met my gepraat het:* ***Wat beteken dit? En hy antwoord my: Dit is die horings wat Juda, Israel en Jerusalem verstrooi het****.* ***20*** *Daarna toon YAHWEH my* ***vier smede.*** ***21*** *Toe sê ek: Wat kom hulle maak? En Hy antwoord en sê:* ***Dit is die horings wat Juda so verstrooi het dat niemand sy hoof opgehef het nie****; maar hierdie manne het gekom om hulle skrik aan te jaag, om die horings van die nasies neer te werp wat* ***die horing teen die land van Juda opgesteek het om dit te verstrooi.***

Ese 17:12-14 *Spreek tog met die rebelse huis: Weet julle nie wat hierdie dinge beteken nie? Sê:* ***Kyk, die koning van Babel het na Jerusalem gekom en sy koning en sy heersers weggeneem en hulle na hom toe, na Babel gebring.*** ***13*** ***Toe het hy een uit die koninklike geslag geneem en met hom*** *’n* ***verbond gesluit en hom*** *’n* ***eed opgelê, maar die magtiges van die land het hy weggeneem;*** ***14*** *sodat die koninkryk van geringe betekenis sou wees en hom nie sou verhef nie, maar dat dit, deur sy verbond te onderhou, in stand kon bly.*

Dit is baie duidelik vanuit die Skrif dat Amerika/Babel die leier sal wees in die skep van ’n valse vredesooreenkoms met die Arabiere, asook dat hulle Israel gaan forseer om Yahweh se verbondsland , wat slegs aan Hom behoort (Lev 25:23), te verdeel. Soos ons in die derde hoofstuk van Joel sien sal die forsering van Amerika/Babel om Jerusalem te verdeel tot Babel se straf lei en uiteindelik die Dag van Yahweh en Sy toorn op ’n wêreld sonder berou bring. Verder is dit ook interessant om te sien dat daar in Sagaria 1 van vier ambagsmanne of messelaars gepraat word wat saamwerk om Israel te verdeel en Juda te verstrooi. Vandag is daar ’n groep wat die Kwartet (vier) genoem word en uit Amerika, Rusland, die Verenigde Nasies en die Europese Unie bestaan. Die groep se doel is om ’n vredesooreenkoms in Israel te bring deur die verdeling van die land en die skep van twee state, ’n Joodse staat en ’n Palestynse staat.

Wat van Yahweh se verbondsmense wat in Amerika, eindtyd Babel, woon? Wat sal met al die mense gebeur as Yahweh die hele Verenigde State vernietig? Waarsku Yahweh Sy ware verbondsvolgelinge om iets te doen om die vernietiging te vermy?

Jer 50:8-9 ***Vlug uit Babel, en gaan uit die land van die Galdeërs (astroloë),*** *en wees soos bokke voor die trop kleinvee uit! ⁹ Want kyk, Ek verwek en laat teen Babel optrek 'n skare van groot nasies uit die Noordland; hulle sal hulle teen hom opstel – daarvandaan sal hy ingeneem word; hulle pyle sal wees soos die van 'n voorspoedige held wat nie met leë hande terugkom nie.*
Jer 50:28 ***Hoor! Vlugtelinge en mense wat vrygekom het uit die land van Babel,*** *om in Tsion te verkondig die wraak van YAHWEH onse Elohiem, die wraak van sy tempel.*

Jer 51:6 ***Vlug uit Babel uit, en red elkeen sy lewe;*** *kom nie om in sy ongeregtigheid nie; want dit is die tyd van wraak vir YAHWEH: Hy gee hom sy verdiende loon.*
Jer 51:45 ***Gaan uit hom uit, my volk, en red elkeen sy lewe*** *van die gloeiende toorn van YAHWEH!*

Sag 2:7 *Op, o Tsion,* ***red jouself, jy wat woon by die dogter van Babel!***

Op 18: 4-5 *En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê:* ***Gaan uit haar uit, my volk,*** *sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie. ⁵ Want haar sondes*
reik tot aan die hemel, en Elohiem het haar ongeregtighede onthou.

Yahweh sal nooit oordeel bring voor Hy nie eers Sy verbondsmense waarsku nie. Ons sien duidelik vanuit die Skrif dat Yahweh Sy verbondsuitverkorenes waarsku om uit die land van Babel te vlug voordat Sy vernietiging oor haar kom.

Sal daar toevlugsoorde binne Babel wees vir mense wat nie wil wegvlug nie?

Jer 51:9 *Ons het aan Babel medisyne gegee, maar hy het nie gesond geword nie; verlaat hom en laat ons trek, elkeen na sy land; want sy strafoplegging raak tot aan die hemel en verhef hom tot by die wolke.*
Jer 51:43 ***Sy stede het*** *'n* ***wildernis geword,*** *'n* ***dor land en*** *'n* ***wildernis;*** *'n* ***land waar niemand in woon nie,*** *en waar geen seun van Adam deurtrek nie.*
Jer 51:62 *en sê: o YAHWEH, U het oor* ***hierdie plek gepraat om dit uit te roei, sodat daar geen***
inwoner, mens sowel as dier, sal wees nie, maar dat dit ewige wildernisse sal wees.

Dit is uiters duidelik vanuit al die skrifgedeeltes waarna ons in die studie gekyk het dat daar nie eens een profesie is wat selfs vaagweg daarop aanspraak kan maak dat daar wel 'n tipe toevlugsoord vir gelowiges in Babel in die eindtyd sal wees nie. Dit is heeltemal die teenoorstaande. Daar word verskeie kere uitgelê dat daar geen toevlugsoord in Babel sal wees nie, maar dat Yahweh se verbondsgelowiges uit die land sal moet vlug om hulle lewens te red en dat nie eens een siel in die land van Babel sal oorbly nie.

Die tydsberekening van wanneer jy vlug is van uiterste belang. As jy in antieke Egipte was tydens die eerste Pasga sou jy nie 'n dag laat die bloed aan die deur wou sit nie, anders sou jy dalk deur die doodsengel kon sterf. Jy sal ook nie te vroeg wil uitgaan nie en dan weer in Babel op eindig nie, soos wat Israel in die wildernis geleer het dat om terug te draai, nadat jy daaruit gered is, 'n erge sonde teen Yahweh is.

Yahweh roep party mense uit Babel as die voorbokke voor die kleinveetrop (Jer 50:8), en Hy berei ander voor vir ’n latere eksodus net voor haar vernietiging. Vanuit die Skrif word daar aangedui dat die meeste vlug wanneer Babel val aangesien die Skrif selfs se om te “vlug vir julle lewens”.

Die doktrine en beleid van die Gemeente van Yahweh Jerusalem is om die waarheid van die Skrif, dat Amerika by elke skrifgedeelte wat oor eindtyd Babel handel pas en inderdaad eindtyd Babel is, te preek.

Boonop is daar sewe direkte bevele om uit die land van Babel te vlug, nie net om jou fisiese lewe te red nie maar ook om te keer dat jy in haar sondes deel (Op 18:4). Wanneer mens in Babel leef, dan ondersteun hulle die sisteem van Babel deur die handel wat hulle op ’n daaglikse basies sou doen. Om items te koop, belasting te betaal en handelsware te verbruik is wat aan Babel die finansiële mag gee om wêrelddemokrasie na die hele aarde te bring. Jou belastinggeld gaan om vir wettige aborsies te betaal, asook die produsering van die oorlogsmasjien wat Amerika/Babel geword het. Dit is die hoof rede waarom Yahweh Sy verbondsuitverkorenes uit die sisteem en uiteindelik uit die nasie uit roep wat vernietig sal word omdat hulle die sisteem na die hele wêreld gebring het.

Yahweh se Woord sê egter ook vir ons in Matteus 7 dat ons nie moet oordeel nie, sodat daar nie oor ons geoordeel moet word nie. So, met dit in ag geneem, is dit die beleid van die Gemeente van Yahweh Jerusalem om broers en susters wat nog nie uit Babel/Amerika verlos is nie, nie te oordeel nie, wetende dat dit Yahweh en Sy tydsberekening is wat Sy verbondsgelowiges sal verlos. Die Gemeente van Yahweh Jerusalem plaas ook geen spirituele superioriteit op diegene wat wel Babel verlaat het teenoor die wat dit nog nie gedoen het nie.

Die hoof doel in die verstaan van eindtyd Babel is om in die eerste plek uit die sisteem van wêrelddemokrasie wat Satan deur eindtyd Babel geskep het, te kom. As gelowiges moet ons ook daaraan werk om uit godsdienstige Babel, en die heidense gebruike wat georganiseerde godsdiens bring, te kom. Daarna is dit alleenlik vir die individu of familie om vir hulself, deur te vas en te bid, te besluit wanneer Yahweh hulle fisies uit die land van Babel uit lei en waarheen Hy hulle lei.

Dit is ook baie verstandig om die nodige voorbereiding en navorsing te doen oor enige land waarheen jy dalk beplan om na te gaan. Baie lande se wette vandag, soos Israel sin, laat besoekers nie toe om vir langer as ’n maksimum van drie maande per jaar daar te bly nie. Baie lande keer ook dat besoekers nie daar kan werk nie.

Die sleutel om eindtyd Babel te verstaan is dat baie geloof in Yahweh verruil het vir vertroue in die regering en die sisteem van Babel. Aalmoese vanaf die regering, publieke onderrig en gesondheidsorg is net die tippie van die ysberg van hoe afhanklik die mense op die regering en die sisteem geword het, en hoe onafhanklik hulle van Almagtige Yahweh geword het. Onthou dit is slegs GELOOF in YAHWEH wat enigeen deur die eindtyd waarin ons nou leef sal kry. Om Babel fisies te verlaat moet ’n daad van geloof wees, nie een van trots of selfgeregtigheid nie.

Punte om te onthou:

1. Babel is ’n land en nie bloot net ’n sisteem of kerk nie.
2. Babel is die top militêre mag in die wêreld .
3. Babel is die enjin van die wêreld ekonomie.
4. Babel het die hoogste lewenstandaard in die wêreld.
5. Babel word tereggewys vir haar trots en arrogansie.

6. Babel sal, voor die Koninkryk kom, totaal vernietig word.
7. Yahweh waarsku Sy verbondsuitverkorenes om uit die land van Babel te vlug, om nie in haar sondes te deel en van haar peste te ontvang nie.

Congregation of Yahweh Jerusalem Po Box 832 Carteret NJ 07008
www.cohywh.com